Bo Velder
Bees Studiegroep

PUIK BOVELDER STUDIEGROEP VEILINGS!

- DEALE BOVELDERS VEILING -



V.L.R.N: Andries Greyling (Charfontein Bovelders), Jan Mostert (Afslaer), Dr. Chris Nel (Bovelder Studiegroep), Cronje Deale (Verkoper van duurste bul), Dr. At Viljoen (Bovelder Studiegroep).

Op Donderdag 27 Julie 2017 het Deale Bovelders, Charfontein Bovelders en Fyvie Farming 'n uitstaande Bovelder veiling aangebied op die plaas Madeira in die Vrede distrik. Deale Bovelders se duurste bul is verkoop aan Farmer Skead van Escourt vir 'n bedrag van R 160 000. Die gemiddeld van die bulle het 'n bedrag van R 63 690 behaal. Die duurste dragtige koeie is verkoop aan Nico Pieterse van Bethal vir 'n bedrag van R 17 000. Die dragtige koeie het 'n gemiddeld van R 16 041 bereik. Die duurste dragtige verse is verkoop aan Christiaan le Grange van Frankfort vir 'n bedrag van R 13 750, die gemiddeld van die dragtige verse was R 13 750 gewees. Charfontein Bovelders se duurste bul is verkoop aan Abrie Cronje van Vrede vir 'n bedrag van R 90 000. Die gemiddeld van die bulle het 'n bedrag van R 49 642 behaal. Die duurste koeie met kalwers is verkoop aan At Fivaz van Reitz vir 'n bedrag van R 19 500, die gemiddeld was ook R 19 500. Die duurste dragtige koeie is verkoop aan Abrie Cronje teen 'n bedrag van R 18 500. Die dragtige koeie het 'n gemiddeld van R 16 724 bereik. Die duurste oop verse is verkoop aan Deon Maree van Harrismith vir 'n bedrag van R 13 600 terwyl die gemiddeld van die verse R 10 536 was. Fyvie Farming se duurste bul is verkoop aan Shaun de Jager van Dundee vir 'n bedrag van R 80 000 terwyl die gemiddeld R 55 357 was. Die veiling het 'n 100% verkoopsyfer behaal. Die veiling is uiters suksesvol aangebied deur BKBLouwid Standerton met Jan Mostert as afslaer.

- MEMEL BOVELDER PRODUKSIEVEILING -



V.L.N.R: Dr. Chris Nel (Bovelder Studiegroep), Cronje Deale (Koper van duurste bul), Jaco Maritz (Verkoper van duurste bul), Jan Mostert (Afslaer), Paul van Niekerk - (Verkoper van naasduurste bul), Dr. At Viljoen (Bovelder Studiegroep).

Op Woensdag 9 Augustus 2017 het Boshoek Bovelders, Maritz Bovelders, Vlieland Boerdery en Fick & Seun Boerdery 'n uitstekende produksieveiling aangebied op die plaas Boshoek in die Memel distrik. Maritz Bovelders het die duurste bul (M 14-394) van die dag verkoop vir R 190 000 aan mnr Cronje Deale van Vrede. Maritz Bovelders se gemiddelde prys van die bulle was R 66 212. Boshoek Bovelders se duurste bul (PVN 14-223) is verkoop aan mnr Jaco Maritz van Memel vir 'n bedrag van R 180 000. Boshoek Bovelders se gemiddelde pryse op die bulle was R 83 333. Vlieland Boerdery se duurste bul (TXL 14-036) is vir 'n bedrag van R 70 000 verkoop aan Twisthoek Boerdery van Paulpietersburg. Vlieland Boerdery se gemiddeld was R 66 666. Fick & Seun Boerdery se hoogste bod op die bul (FSB 14-186) was R 47 500 wat verkoop is aan mnr Joggie Prinsloo van Harrismith. Fick & Seun Boeredry het 'n gemiddeld van R 42 500 behaal. Die duurste groep dragtige verse is verkoop vir R 17 000 aan mnr John Faber van Dundee. Die verkoper was Boshoek Bovelders. Die gemiddeld op die dragtige verse was R 16 500 gewees. Die duurste oop verse is deur Jan van Niekerk van Harrismith gekoop vir 'n bedrag van R 12 750 terwyl die gemiddeld R 11 250 was. Die algehele gemiddeld op 72 bulle was R 73 090 gewees. Daar was 8 bulle die dag bo R 100 000 stuk verkoop en 3 bo R 150 000 stuk verkoop.'n 100% verkoopsyfer is behaal op die veiling. Die veiling is uiters suksesvol aangebied deur BKBLouwid Frankfort met Jan Mostert as afslaer.

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830. **Tel:** 058 813 1071. **Faks:** 058 813 2317. **E-pos:** frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07. **www.bkb.co.za**

BKB Louwid